# 3.03

# DIE EVOLUSIELEER.

***Deur Prof. Dr. H. G. Stoker.***

**In: Koers in die Krisis I, Stellenbosch, Pro Ecclesia: 1935, bll. 353-364.**

## I. Wat is Evolusie?

Onder die evolusieleer word gewoonlik daardie teorie verstaan wat handhaaf dat die lewende wesens (plante, visse, voëls, insekte, diere en die mens) deur afstamming verwant is — en dat die afstammingslyn in hoofsaak loop van die eenvoudigste en laagste soorte van lewende wesens, die eenselliges, na die mees ingewikkelde en hoogste soort, die mens, toe. In besonderheid handhaaf hierdie leer dat die mens van die dier afgestam het, en vandag word gemeen dat die mens nie van die aap afgestam het nie, maar dat die aap en die mens ’n gemeenskaplike ouer-ras gehad het.

## II. Gestel dat die mens van die dier afgestam het . . . .

Dan is die klaarblyklike verhaal van Genesis 1 en 2 foutief en daarnaas soveel ander Skrifgedeeltes wat stel dat die mens na Gods beeld geskape en wesensverskillend van die dier is en dat hy ’n besondere status in die wêreld het.

Dan kan die sondeval van Genesis 3 nie ’n *sondeval* gewees het nie; want dan was die mens nie *baie goed* geskape nie en dan was hy in sy kennis en ander funksies nog onontwikkeld en moes hy deur mislukte pogings leer om reg te handel, vorentoe te kom en te klim. I.p.v. sonde kry ons dan: mislukte pogings, en i.p.v. ’n val kry ons dan: vooruitgang. Die sondeval word in die evolusieleer ’n stap vooruit; die vervloeking van die aarde om die mens se ontwil is hiermee onversoenbaar en in hierdie gang van sake ongerymd.

Word Gen. 1-3 aan die eise van die evolusieleer prysgegee en kan daar dan geen sprake wees van ’n *sondeval* nie, dan verloor vanself die soendood van Christus sy kardinale betekenis. Die verlossingslyde van ons Saligmaker is onnodig en ongerymd as daar geen sondeval van die mens was nie. Is Christus nie ons *Verlosser* nie, dan hoef Hy nie Gods Seun, die tweede persoon in die Heilige Drie-eenheid te wees nie, en dan word Hy ’n gewone historiese persoon, ’n mens soos ons almal mense is — al was Hy dan ook ’n ideale mens.

Met die konsekwensies van die evolusieleer is verder ook nie verenigbaar nie: die tweede koms van Christus, die oordeel van God, die ewige verdoemenis van die nie-uitverkorenes en die herskepping van hemel en aarde.

As u die evolusieleer aanneem, dan moet u in logiese konsekwensie die Bybel as die onfeilbare Woord van God prysgee en die sentrale leer van die Bybel, die leer van sonde en verlossing, van skepping, verwording en herskepping laat vaar.

## III. Evolusie en Christendom.

Is dit dan 'n wonder dat so baie Skrifgelowiges die evolusieleer verwerp en dat die Gereformeerde, die Calvinis, hierdie leer moet verwerp op grond van sy Skrifgeloof? Is dit dan 'n wonder dat die evolusieleer so ontelbaar veel Christene in hul Bybelgeloof aantas, aan die Bybel laat twyfel en die Bybel laat prysgee? Is dit 'n wonder dat die evolusieleer die Christendom ondermyn en die heidendom bevorder — die Evolusieleer, wat kom in die naam van die eksperimentele wetenskap?

Maar wel baar dit verwondering dat soveel kerkleiers, soveel Christelike teoloë, die evolusieleer aanvaar en op allerlei kunsmatige maniere met die Bybelleer probeer versoen. Hierdie feit moet egter verstaan word in die lig van die volgende oorwegings: (a) Die Bybelkritiek is in die ondermyning van die Bybelgeloof 'n bondgenoot van die evolusieleer; (b) Hierdie teoloë glo dat die wetenskap en sy evolusieleer nie betwyfel mag word nie, omdat die wetenskap en sy evolusieleer op feite en op onbevooroordeelde eksperimentele feite-ondersoek alleen rus. (c) Hulle weet dat as hulle die evolusieleer beslis verwerp, hulle dan ontelbare geleerde manne uit die kerk sal verloor, terwyl hulle hierdie manne in die kerk wil behou.

Dat die Bybelkritiek op verkeerde veronderstellings rus en tot verkeerde resultate gekom het en oorwen word, dat die wetenskappe, ook die eksperimentele wetenskappe, betreklik is, kan dwaal en telkens leringe, eenmaal verkondig, weer herroep, dat hierdie wetenskappe nie net op feite rus nie, maar ook op allerlei beginsels en veronderstellings wat intuïtief aanvaar word, dat die evolusieleer nog nooit bewys is nie, dat ons die Bybel nie mag prysgee aan die grille van wetenskaplike teorieë nie, dat ons vandag ly aan 'n ongesonde verafgoding van die wetenskap — dit alles word nie ingesien nie, en ook nie dat die waarheid van die Skrif nie weggedoesel mag word om mense in die kerk te behou nie, en dat die waarheid van die Heilige Skrif verkondig moet word, ook al verlaat 'n aantal mense die kerk daardeur.

## IV. Wat leer die Bybel ons aangaande die Evolusie-Vraagstuk?

(1) God het op verskillende dae en met *verskillende* skeppingsdade in ses dae in aansyn geroep: hemel en aarde, waarby grasspruitjies, plante en bome; visse en voëls; vee, kruipende diere en wilde diere; die mens.

(2) T.o.v. elke skeppingsdaad insake die lewende wesens staan daar (en wel tot tien maal herhaal) dat hulle *volgens hul soorte* geskape is.

(3) Die mens is op 'n besondere wyse geskape: na Gods beeld. Aan hom is 'n besondere roeping toegeken: hy sal heers oor die voëls, oor die vee, oor die kruipende diere, oor die hele aarde.

(4) Die lewende wesens sal vrugbaar wees, vermeerder en die aarde vul.

(5) Na elke skeppingsdag staan: Toe sien God dat dit goed was. Na die hele skepping staan: “Toe sien God al wat Hy gemaak het en — dit was baie goed.”

(6) God het op die sewende dag gerus. Sy skeppingswerk is voltooi en vind nou nie meer plaas nie.

(7) Die sondeval het die mens van God vervreem. Om die mens se ontwil is die aarde vervloek; maar God gee aan die mens die heilsbelofte van die Messias.

Hieruit blyk:

(a) Dat die lewende wesens geskape is en nie vanself uit die anorganiese (lewelose) stof ontstaan het nie (1);

(b) Dat die lewende wesens moet ontwikkel (4); daar is dus ontwikkeling;

(c) Dat hierdie ontwikkeling sal geskied binne perke, volgens die soorte (1 en 2);

(d) Dat hierdie ontwikkeling organies is, nie meganies nie (a; 1 en 2);

(e) Dat die mens nie uit die dier ontwikkel het nie, maar dat hy op 'n besondere wyse en met 'n besondere roeping geskape is (3);

(f) Dat die aarde, soos ons hom nou ken — met sy pyn en sy smart, met sy siekte en sy dood, met sy verwildering en verwording — nie is soos dit geskape was nie — goed en baie goed; maar dat dit nou abnormaal is en dat dit eenmaal — in die herskepping — weer goed en normaal sal wees (5 en 7);

(g) Dat God die aarde in ses dae geskape het en dat dit nie honderde duisende jare geneem het om uit die laagste lewende wesens die mens te ontwikkel, soos die evolusieleer dit eis nie (1). Dat die dag met sy aand en sy môre *geen periode* is nie, maar wesenlik 'n dag, staan vir die Gereformeerde eksegese vas. Daaraan twyfel die Calvinis nie. Die "dag" sou opgevat kan word as (i) 'n dag van ons aarde (24 uur) en God is magtig genoeg om die skepping in ses sulke dae te voltooi. Die "dag" sou ook opgevat kan word (ii) as 'n dag van God, 'n besondere soort skeppingsdag met 'n eiesoortige skeppingstyd, kwalitatief verskillend van die soort tyd, wat ons ken. Dit moontlik dat die tyd waarin God besig is met die skepping van die aarde en daarmee met die skepping van ons aardse tyd, andersoortig is as die aardse tyd, nes die tyd van die herskepping, die ewigheid, ook 'n ander soort tyd is as die tyd waarin die aarde sig ontplooi, die tyd waarin ons nou leef. As die tweede opvatting van "dag" korrek sou wees, dan is alle tydsberekeninge van die natuurwetenskappe wat op die verre verlede gerig is, nie letterlik nie, maar figuurlik of analogies te verstaan: hierdie tydsberekeninge is hipoteties en het dan nooit absolute waarde nie, omdat hulle dan rus op die foutiewe veronderstelling dat die skeppingstyd aan ons tyd gelyksoortig was;

(h) Dat God die sewende dag klaar was met Sy skeppingsarbeid en gerus het (6). Hy skep nou nie meer soos die kreatiewe evolusieleer, die versoeningsleer van Skrif en wetenskap beweer nie.

## V. Wat leer die Bioloë ons aangaande die Evolusie-Vraagstuk?

(a) Die bioloë gaan uit van die vooroordeel dat die aarde nou normaal is en altyd normaal was. Hierdie vooroordeel beïnvloed hulle teorieë.

(b) Party bioloë neem aan dat die lewende wesens uit die anorganiese stof ontstaan het, ander weer (nl. die vitaliste, soos Driesch, Von Uexküll, Woltareck, e.a.) verwerp hierdie beskouing.

(c) Die strenge evolusioniste neem aan dat die evolusie geen perke het nie, in die sin dat alle soorte lewende wesens uit een of 'n paar oersoorte ontwikkel het (die monofiletiese teorie). Ander bioloë neem aan dat die bestaande soorte uit 'n ontelbare menigte van oersoorte ontwikkel het (die polifiletiese teorie). Weer ander bioloë — meesal die oorerwingsvorsers en plantkundiges — verwerp die evolusieleer heeltemal, omdat die oorerwingseksperimente en oorerwingswette bewys dat evolusie van een soort uit 'n ander soort onmoontlik is.

(d) Die meeste evolusioniste neem 'n meganiese en nie 'n organiese evolusieleer aan nie.

(e) Gewoonlik word aangeneem dat evolusie vooruitgang bereken. Abel se ontdekking asook die van ander bioloë, toon dat daar ook agteruitgang, devolusie, degenerasie bestaan. Dit bring verwarring in die kamp van die evolusioniste.

(f) Die evolusioniste handhaaf dat die mens die hoogsontwikkelde dier is, dank sy die ontwikkeling van sy harsings, en dat hy die naaste aan die ape-geslag verwant is.
(g) Al verskil die evolusioniste t.o.v. die tydsduur van die evolusieproses, neem tog almal aan dat die evolusie reeds vir honderde duisende jare aan die gang is.
(h) 'n Heel moderne teorie wil God skeppenderwys — of beter: organiserenderwyse — die hoër soorte uit die laer soorte laat ontwikkel. Hierdie teorie tel nog maar enkele aanhangers.
Uit die bostaande blyk dat onder die bioloë onderling op omtrent alle punte 'n groot meningsverskil heers, selfs oor die vraag of evolusie kon plaasgevind het.

## VI. Op watter Bewyse rus die Evolusieleer?

(1) Die veranderlikheidsbewys. Veranderende omstandighede, omgewing, klimaat, voeding, ens., laat die lewende wesens verander: uitwendige veranderings (modifikasies, fluktuasies of paravariasies genoem). Verbastering verander lewende wesens: verbasteringe (miksovariaries, hibridisasies of kombinasies genoem). Daar is ook sprongveranderinge, wat van die voorgaande twee verskil (mutasies, ideovariasies of sprongveranderinge genoem). Bewys die feit van hierdie soorte van veranderings die evolusieleer? Die eksperimentele ondersoek, veral van die oorerwingsvorsers, het op hierdie gebied aangetoon: (a) dat alle veranderinge binne die soort is en nooit die soortgrense oorskry nie; (b) dat die veranderinge uitwendig (fenotipies) en nie inwendig of konstitusioneel (genotipies) is nie; (c) dat aan alle veranderlikheid 'n onveranderlike beginsel ten grondslag lê, op grond waarvan evolusie van een soort uit 'n ander onmoontlik is: dat 'n soort-konstante beginsel die veranderinge beheers. Op hierdie gebied, omtrent die enigste waar die evolusie kousaal-eksperimenteel ondersoek kan word, word die evolusie deur die resultate weerlê.[1][*]

(2) Die morfologiese en anatomiese bewys gaan van ooreenstemminge in liggaamsbou van die verskillende soorte van lewende wesens uit. Bv. die hand van die mens, die voorpoot van die aap, die vlerk van die voël en die vin van die vis vertoon in verskillende opsigte ooreenstemminge in struktuur (analogieë) en daarom het hulle 'n gemeenskaplike afstamming. Hierdie bewys in die morfologie en anatomie is geen bewys vir evolusie nie, om die volgende redes:

(a) Ooreenstemming bewys nie afstamming nie ('n analogie-bewys is geen identiteitsbewys nie, sê die logicus). Hier moet juis nog bewys word dat die ooreenstemminge deur evolusie verklaar moet word. As bv. 'n skeikundige ooreenstemming in die struktuur van die verskillende soorte atome ontdek, sê hy nie dat hy bewys het dat die een soort atoom tot die

---

[1][*] Die evolusioniste weerlê die resultate van die oorerwingswetenskappe weer met die argument dat die navorsers op hierdie gebied alleen te doen het met ontwikkelingsprosesse wat oor 'n beperkte en klein aantal jare gaan, en dat die evolusie duisende en honderd-duisende jare geneem het; ons kan volgens hulle geen veranderinge in enkele jare sien intree nie, omdat hulle gewoonlik 'n baie groot aantal jare nodig het. Hierdie weerlegging sien nie raak nie (a) dat die feite die oorerwingsvorser dwing om konstantheid in prinsipiële sin te aanvaar, en (b) dat hulle kritiek na twee kante toe sny: as om genoemde rede die evolusie nie weerlê kan word nie, dan kan dit om dieselfde rede ook nie bewys word nie, want niemand leef dan lank genoeg om 'n onbetwisbare soortoorskrydende verandering as feit waar te neem nie. Die moeilikhede wat die oorerwingsvorsers die evolusioniste in die pad lê dwing hulle vandag al meer tot 'n nuwe en wonderlike standpunt: hulle sê dat evolusie vandag op 'n end is en dat geen soort verder kan ontwikkel nie behalwe die mens in geestelike rigting, maar hulle handhaaf dat evolusie in die verlede tog plaasgevind het om al die verskeidenheid van soorte, wat vandag bestaan, te bewerkstellig. Dit is m.i. streng logies geneem 'n kontradiksie en 'n bedekte terugtog van die evolusionistiese vestings — vir breëre bespreking van die bewys sien my artikel in "Die Skrif en die Natuurwetenskappe — die Christelike Unie" (Van Schaik).

ander soort teruggevoer kan word nie — inteendeel, hy probeer eers die een tot die ander reduseer, en as hy dit regkry, dan sê hy: Nou het ek dit bewys. Die ooreenstemminge van die lewende wesens in bou en struktuur sou i.p.v. op evolusie kan rus op gelyksoortige wetmatighede wat die lewensprosesse beheers, op identieke konstitusie-faktore eie aan die lewende wesens as sulks.
(b) Hierdie bewys lees eers in die ooreenstemminge die evolusionistiese interpretasie in, en haal dit daarna weer daaruit. Ons noem dit 'n sirkelredenering.
(c) Hierdie bewys rus op 'n meganiese deelbeskouing, nie op 'n organiese geheelsbeskouing van die lewende wesens nie; die laaste soort beskouing maak die evolusionistiese interpretasie van die ooreenstemminge onmoontlik.
(d) Hierdie bewys onderskei nie uitwendige (fenotipiese) en inwendige of konstitusionele (genotipiese) ooreenstemminge nie.
(e) Hierdie bewys verwaarloos ten onregte die kardinale betekenisse van die verskille tussen die lewende wesens.

(3) Die bewyse in die sistematiek begaan dieselfde foute.

(4) Die bewyse in die serologie (chemiese bloedverwantskapsleer) maak dieselfde foute en het vir die evolusieleer uiters teenstrydige resultate.

(5) Die embriologiese bewyse ly ook aan dieselfde foute. Dis van belang om op hierdie bewys kortliks in te gaan. Hierdie bewys sê dat daar ooreenstemminge is tussen die stadia wat bv. die menslike embrio deurloop (op 'n bepaalde stadium kan bv. iets aangewys word wat met vis-kieue ooreenstemming het) en die stadia wat die mensheid deurloop het vanaf sy eensellige voorouersgeslag tot vandag toe. 'n Mens moet die ooreenstemminge eers evolusionisties sien, bv. die vis-kieue en die ooreenstemmende in die embrio, voordat die bewys verstaan word, maar dan is dit 'n sirkelredenering. Dieselfde geld van al die ander ooreenstemminge. Die eksperimentele fisiologie toon al meer en meer aan dat van ooreenstemminge geen sprake is nie, en dat die embrionale eienskappe eiesoortige (ontogenetiese ) funksies het.

(6) Die rudimentêre organe (bv. die appendiks, wat in die mens net 'n evolusie-res sou wees en geen funksie sou hê nie, terwyl dit in sy dierlike voorvaders wel 'n funksie gehad het) bied ook geen bewys nie, omdat 'n mens hulle nie rudimentêre organe kan noem nie, as jy nie eers in die evolusie glo nie (waardeur 'n sirkelredenering ontstaan), en omdat die eksperimentele fisiologie al voortgaande bewys dat die sogenaamde rudimentêre organe tog 'n eiesoortige (ontogenetiese) funksie het en dus geen rudimentêre organe is nie. Verder vereis omtrent elke rudimentêre orgaan 'n ander geslagsboom, wat vir die evolusieleer verwarrend is. Hierdie bewys gaan ook mank aan al die genoemde gebreke van die morfologiese en anatomiese bewyse.

(7) Die paleontologies bewyse, veral gebaseer op fossiele ontdek in verskillende aardlae op verskillende plekke in die wêreld, gaan mank aan die volgende tekortkominge: die vondste is te power om die evolusieleer te dra; daar is veels te veel gapings om die bewys waarskynlik te maak; die volgorde van die aardlae waarin die fossiele gevind word, is vir die evolusieleer veels te deurmekaar; die bepaling van die ouderdom van die aardlae en van die fossiele hang van mekaar af, wat weer 'n sirkelredenering gee; hierdie bewys maak sig skuldig aan die meganiese deelbeskouing; 'n bewese skakel tussen mens en dier is nog nie gevind nie, en wat

gevind is, is òf mens òf dier, terwyl die bioloë die vondste onderling verskillend waardeer, ens.

Kleiner evolusie-bewyse (bv. in die dieregeografie en in die vergelykende biologie, ens.) slaan ons oor. Elke bewys afsonderlik geneem en ook alle bewyse saam geneem bewys die evolusie *nie*,[2[†]] terwyl die resultate van die eksperimentele oorerwingsleer en van die eksperimentele fisiologie die onmoontlikheid van die evolusie aantoon. Op geneen van die punte in § IV genoem het die wetenskap die Skrif weerlê nie. Die evolusieleer word (veral op die kontinent van Europa) al meer verwerp en op die rak van verouderde teorieë geplaas. Die evolusieleer is niks meer as 'n hipotese, om dit nie saam met Prof. Hepp 'n mite te noem nie — en hierdie hipotese moet vandag as 'n mislukte hipotese beskou word.

## VII. Gesteld dat die Evolusieleer bewese en waar was, hoe sou 'n mens die Evolusie moet verklaar?

Hierop antwoord die Darwinisme: Kleine en toevallige veranderinge begunstig of rem die lewende wesens in hul stryd om die bestaan, waardeur die meer geskiktes bly voortbestaan en die ongeskiktes ondergaan (natuurlike seleksie of teeltkeuse). Die Neo-Darwiniste verplaas die stryd en die teeltkeuse van die uitwendige lewe na die terrein van die kiemplasma.

Die Lamarckisme (waarvan die Neo-Lamarckisme 'n verfyning en 'n verdieping is) verklaar die evolusie uit 'n innerlike behoefte om aan veranderde omstandighede aan te pas. (Bekend is die nek van die kameelperd, wat so lank geword het uit 'n behoefte om die hoogste blare by te kom).

Teen beide teorieë bestaan vernietigende argumente, waarvoor ek wil verwys na Dr. Broom se artikel ("Our Changing Worldview" — Die Universiteit van die W.W.R.) en na my artikel (in "Die Skrif en die Natuurwetenskappe" — Van Schaik).

Die verklaring van die evolusie deur die mutasieleer verval ook, terwyl blyk dat die mutasies die soortgrense nie oorskry nie en dat hulle meestal 'n verlies aan eienskappe beteken.

Geeneen van hierdie teorieë word algemeen aangeneem nie; elkeen van hulle ondervind heftige teenstand. Geen ander teorie word in die plek van hierdie aangebied nie, behalwe dat in die laaste paar jaar enkele bioloë aan die leer van 'n kreatiewe evolusie die aandag begin gee.

Die Darwinistiese en Lamarckistiese teorieë veronderstel die oorerfbaarheid van verkreë eienskappe, waarsonder evolusie onmoontlik is. T.o.v. die vraag van die oorerfbaarheid van verkreë eienskappe heers 'n groot meningsverskil onder die bioloë, en kan nie gesê word dat hierdie hipotese bewys is nie.

[2[†]] Die bekende natuurwetenskaplike Dr. W.J.A. Schouten skryf: "Het is wel van belang op te merken, dat de laatste 10 á 15 jaren in natuurwetenschappelijke kringen vrij algemeen wordt toegegeven, dat voor de evalutietheorie geen bewijzen aangevoerd kunnen worden" *(Horizon,* Oct. '34, p. 21).

## VIII. Die Kreatiewe Evolusie.

Die leer van die kreatiewe evolusie het sy oorsprong in die filosofie. Teoloë het al vir 'n geruime tyd na hierdie teorie gegryp om daarmee die evolusieleer en die skeppingsleer van die Bybel te versoen. Genl. Smuts het op die grensgebied van biologie en filosofie hierdie teorie bevorder met sy "Holism and Evolution." Enkele bioloë begin vandag ook in hierdie teorie te glo. Hierdie teorie gaan van die veronderstelling uit dat die evolusie waar en bewys is; hierdeur rus dit op 'n uiters swak fondament. Die teorie word nog verder verswak deurdat dit op bedekte wyse die wonder as 'n verklaringsbeginsel in die wetenskap invoer. Die teorie neem aan dat elke hoër soort nie net uit die laer soort ontstaan het nie, maar dat die hoër soort teenoor die laeres werklik nuut is, terwyl hierdie nuwigheid of oorspronklikheid van die hoër soort nie uit die laere afgelei of verstaan kan word nie — dit was nie in die laeres in kiem aanwesig nie, maar is 'n mutasie-agtige plotseling ontstaande nuwigheid. Dit beteken dat "iets meer uit iets minder" ontwikkel, wat logies gelyk staan aan "iets uit niks," wat waarlik 'n wonder is. Hierdie skeppende wonderverrigter is by Dr. Broom 'n "organiser" wat hy te hulp roep omdat die ontwikkeling van die soorte nie toevalligerwyse kon plaasgevind het nie, en die evolusie volgens 'n plan skyn te werk, nl. om die mens voort te bring; hierdie "organiser" identifieer Broom met God. Vir Genl. Smuts is die wonderverrigter 'n gehele-skeppende beginsel, die holistiese faktor. Die versoenings-teoloë versprei die ses dae van die skepping oor die honderdduisende jare van die evolusioniste en laat God in en deur die evolusie-proses nuwe soorte skeppenderwyser te voorskyn bring.

Die tekortkominge van hierdie leer is:

(a) Dit bots met die Bybel, en teoloë wat dit aanvaar, gee die Bybel aan onbewese wetenskaplike teorieë prys (Vgl. § IV en § VI).
(b) Dit bring 'n goddelike beginsel, 'n wonder-beginsel as verklaringsbeginsel in die wetenskap, waardeur dit wetenskaplik nie houbaar is nie, en op verfynde wyse die wetenskap aan animisme prysgee.
(c) Die leer behels 'n contradictio in terminis. Skepping en evolusie, wonderwerking en natuurproses kan logies nie in een begrip saamgevat word nie.

Verwant aan die kreatiewe evolusie is dié van "emergent" evolusie (Morgan), 'n leer wat weer nader aan die meganiese evolusieleer staan en die teïstiese evolusie (Leighton), 'n leer wat nader aan die skeppingsleer staan. Die verskil tussen die drie teorieë is: (a) dat die deur hulle erkende nuwighede van die telkens hoër soorte nie in gelyke sin werklik nuwighede is nie; (b) dat hulle t.o.v. die beginsel van rigting-gewing aan die evolusieproses (t.o.v. die teleologie dus) verskillend staan, en (c) dat hulle die bewerkende oorsaak van die nuwighede verskillend sien.

Die teïstiese evolusie van Leighton laat God aan die evolusie deel hê, laat hom met die evolusie-proses proewe neem ("trial and error method") en laat Hom op verskillende tye in die evolusieproses ingryp en nuwighede te voorskyn roep. Hierdie "god" van Leighton is die grond en geestelike orde van die wêreld wat saam met die wêreld ontwikkel. Leighton se teïsme is in werklikheid 'n personalistiese panteïsme, waarin alle kardinale leringe van die Heilige Skrif (die sondeval, die verlossingsleer, die drie-eenheid van God, die nie-God-syn maar kreatuurlikheid van die mens, ens.) heidens vervals word. Die teorie is geen versoeningsteorie van Skrif en wetenskap nie, maar 'n prysgawe van die Skrifwaarhede aan die ongeloof. Die kritiek op hierdie leer is dieselfde as dié op

die kreatiewe evolusie; en daarby kom nog: hierdie teorie is pure spekulasie, wat die Bybelleer na willekeur verdraai en die evolusieleer metafisies verklaar. Besonder jammer is dit dat hierdie leer vir sy heidense denkbeelde Christelike terminologie gebruik en sodoende begripsverwarring in die hand werk en die liggelowige leser deur sy Christelike terme wen vir heidense denkbeelde.

## IX. Waarom Versoening?

Die evolusie is nie bewys nie, eerder is bewys dat evolusie van laer na hoër soorte onmoontlik is.[3[‡]] Die teorieë wat die evolusie wil verklaar, het almal misluk. In die kamp van die bioloë heers t.o.v. die evolusie-vraagstuk 'n chaos van menings. Moet ons nou die Skrifwaarhede verdraai en vervals ter wille van die evolusie? Ook al was alle bioloë dit t.o.v. die evolusie eensgesind, dan nog mag die Skrifgelowige die Bybel in sy Goddelike karakter nie aanrand nie, en moet die Christen-bioloog die natuur bly ondersoek, totdat hy die evolusie weerlê het en 'n teorie wat aan Gods Woord reg laat geskied en meteen die feite na waarheid verklaar, opgestel het.

Die evolusieleer is onskriftuurlik en met Gods Woord onversoenbaar. Daarom mag die Christen geen versoening van Gods Woord met die evolusieleer soek nie. Doen hy dit tog, dan gee hy Gods Woord aan die ongeloof prys en verswak die Christendom in sy stryd teen die heidendom. Alleen 'n Christendom wat suiwer staan en vir Gods Woord gelowig sy hoof buig, staan sterk teenoor die heidendom.

Gods Woord kan nie met die natuur bots nie, want dieselfde waaragtige God het die natuur geskape en Sy Woord ons gegee. Ware natuurwetenskaplike teorieë *moet* met die Bybel ooreenstem. Waarom sal ons dan die Bybel probeer versoen met teorieë wat nie met die Bybel ooreenstem nie?

Moet ek nog wys op die onskriftuurlike konsekwensies van die evolusieleer t.o.v. vraagstukke van reg en geregtigheid, van sedelikheid, van waarheid, van vryheid, van verantwaardelikheid, van religie, ens.? Waarom moet ons die Bybelleer probeer versoen met 'n leer wat 'n biologiese, 'n verdierlikte, opvatting van alle lewens- en kulturele vraagstukke

---

[3[‡]] Op die kontinent van Europa word die evolusieleer as 'n verouderde en mislukte hipotese beskou. Dis interessant om die volgende deur my vertaalde woorde van die bioloog Prof. Henri Devaux (Bordeaux) te lees: "Gustave le Bon het toe ek hom besoek het, uitgeroep: *"Die evolusie vraagstuk is nie meer aan die orde van die dag nie! Dis vreemd, maar dis seker dat hierdie geweldige leer wat so 'n groot opgang gemaak het, vandag op* sy *gelê word en nie meer interessant gevind word nie"*…. Die grootste teëslag is die evolusieleer toegedien deur die studies op die gebied van die oorerwingswetenskappe en dié van die embriogenie.... Hierdie studies toon met bewyse aan *dat die mees treffende in die veranderlikheid van die soorte hul onveranderlikheid is* ....'n onveranderlikheid selfs van die sub-soorte (species).... Een van die wesenlike oorsake vir die onguns waarin die grote evolusieleer verval het, is dat dit 'n hipotese is ten opsigte waarvan alle waarnemingsfeite en ervaringfeite los staan.... Die evolusieleer is in werklikheid 'n tentatiewe verklaring waarvoor voldoende gronde ontbreek.... Dit is 'n ontsaglike ekstrapolasie (=ongeregverdigde, die perke oorskrydende generalisasie), wat, soos elke ekstrapolasie ons in die gevaar van dwalinge laat beland.... Vir die vraag aangaande die oorsprong van die soorte is m.i. die tyd vandag nie ryp nie —vanuit natuurwetenskaplike gesigspunt beskou; ons moet die vraag op sy laat, nes ons doen met die vraag aangaande die oorsprong van die lewe self." (Evangelical Quarterly, Julie 1934).

ontwikkel? Die toenemende onsedelikheid en ligsinnigheid van die mensdom moet nie in die minste mate toegeskryf word aan die invloed van die evolusieleer op die gees van ons tyd nie.

## X. Wat dan?

Die Christenbioloog moet in samewerking met die Calvinistiese filosoof en die Gereformeerde teoloog op sy gebied, die gebied van die lewensverskynsels, ’n teorie probeer ontwikkel wat rus op die feite en op eksperimentele feite-ondersoek, wat put uit die beginselsisteem van ’n Calvinistiese filosofie en wat nie in botsing is met die Heilige Skrif nie, ’n teorie wat ons die natuur laat sien “In U lig,” d.w.s. soos die natuur ook objektief gesien moet word, ’n teorie wat rekening hou met die ontwikkelingsbevel van God, maar ook met Sy ordinansies wat die ontwikkeling soortlik beperk — waarhede en wette wat hy in die natuur objektief moet ontdek en aantoon — nie om die Bybel te bewys nie, maar om die waarheid te ontdek, die natuurwetenskap te bevorder — ’n teorie wat rekening hou daarmee, dat alles goed geskape was, maar deur die sondeval bederf en verwilder is, ’n teorie wat die verwilderings- en verwordingsproses in die natuur wetenskaplik naspeur en ook raaksien die faktore wat ’n algehele verwording en vernietiging stuit.

Nodig is ’n Christelike Wetenskap, ’n Skrifgelowige wetenskap, waarvan ’n onderdeel is ’n Christelike biologie, ’n Skrifgelowige biologie, waarvan weer een van die leerstukke is ’n Christelike ontwikkelingsleer, ’n Skrifgelowige ontwikkelingsleer.

Van die begin af moet wetenskaplike ondersoek en Christelike Bybelgeloof hand in hand saamwerk.

Dan kom die eenheid van wetenskap en Bybel vanself, dan is geen valse versoening nodig nie.

Gaan wetenskap en Bybelgeloof nie van die begin af hand in hand nie, dan gaan elk sy eie koers, dan ontstaan vanself botsing tussen Bybel en wetenskap, en dan word valse versoeninge noodsaaklik.

Wie die lig van *Gods* Woord nie op elke stap eerbiedig nie, bring verwarring. Die verwarring wat teenswoordig heers op elke terrein van die wetenskap, ook op die terrein van die genetiese biologie, kan alleen deur die geloof oorwen word.

DIE WAPAD – STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O., DEEL II, NO. 9, VRYDAG 29 AUGUSTUS 1947, bl. 4-7

## 5.6.2
## EVOLUSIE IS DIE VADER-KRISMIS-STORIE VAN DIE MODERNE WETENSKAP
### 'N MITOLOGIE VAN DIE EVOLUSIONISME

Deur Prof. Dr. H.G. Stoker

**Ingewikkelde mitologiese verbeeldings produkte het tot die vernaamste geestelike inventaris van die ou heidendom behoort. Verhale oor die oorsprong van die wêreld en die mens is verbind aan voorstellings van Zeus, Jupiter, of Wodan, wat met 'n klomp kleiner gode op die Olimpus of op ander plekke hul septer geswaai het—tot skrik van hul gelowiges, en tot spot van later geslagte. Die Christendom het die ou spookgedaantes verja. Maar die moderne heidendom, soos dit vanuit 'n ontkerstende Noordelike Halfrond nou ook die Suide probeer verspoel, het 'n splinternuwe mitologie opgebou, 'n nuwe Olimpus uitgevind om die eenvoudiges mee te verblind. Dit het 'n misbruikte wetenskap tot afgod verhef, die Muse van die wetenskap verbrysel en tot voetstuk gemaak van 'n nuwe mitologiese konstruksie oor die oorsprong van die mens.**

ONTWIKKELING IS NIE EVOLUSIE NIE

Om verwarring in ons denke te voorkom, behoort ons tussen "evolusie" en "ontwikkeling" te onderskei. Onder "**Evolusie**" verstaan ons wat die evolusieleer daarmee bedoel, nl. die transendensie van soorte, d.w.s. die oorgang van een soort na 'n ander en wel in 'n bepaalde rigting, nl. die oorgang van 'n laer (minder ingewikkelde) na 'n hoër (meer ingewikkelde) soort. Die evolusieleer poneer dus die genealogiese verwantskap van soorte en dus veral ook die afstamming van die mens van die hoër diersoorte. Onder "**Ontwikkeling**" verstaan ons veranderinge binne 'n soort, o.a. deur paravariasies (modifikasies of fluktuasies), deur miksovariasies (hibridisasies of verbastering) en deur ideovariasies (mutasies of sprongvariasies).

**Ontwikkeling** is 'n FEIT wat ons daagliks waarneem.

**Evolusie** is 'n VERTOLKING van feite wat nog nooit bewys is nie.[1)]

---

[1)] Van hierdie evolusionistiese vertolking van feite moet onderskei word verklarings hoe evolusie kon plaasgevind het, wat bv. die Darwinisme, die Neo-Darwinisme, die Lamarskisme, die Neo-Lamarskisme, die Mutationisme, die Emergente Evolusionisme, die Holisme en die Kreatiewe Evolusionisme probeer om te doen. Onder die evolusieleer verstaan ons in hierdie artikel net die algemene leer van 'n stygende transendensie van soort en nie daarop geboude en genoemde verklarende teorieë nie. Want deur laasgenoemde te weerlê is die evolusieleer as sodanig nog nie weerlê nie; maar deur die evolusieleer as sodanig te weerlê veral die noodwendigheid en sin om die genoemde verklarende teorieë te weerlê.

Evolusie is nog nooit bewys nie; dit erken vandag leidende bioloë. Daarom mag die evolusieleer nie 'n teorie genoem word nie. Dit is wetenskaplik meer korrek om van 'n evolusie-hipotese te spreek. Maar 'n egte hipotese wat op feite gebaseer is en deur feite bewys of weerlê moet word, is die evolusie-hipotese nie. Dit is 'n filosofiese of prinsipiële hipotese[2]; die evolusionistiese vertolking van die feite is 'n beginsel, nl. die beginsel van alveranderlikheid van die lewensverskynsels.

**Die evolusieleer is m.a.w. 'n aksioma, 'n uitgangspunt, 'n eerste veronderstelling, of soos ons dit gewoonlik noem, 'n a priori, wat vooraf (a priori) jou empiriese ondersoek kleur en wat daarom nie deur feite-ondersoek bewys of weerlê kan word nie. Ons mag dus, streng geneem, selfs nie eers van die evolusie-hipotese spreek nie; 'n hipotese in die tegniese sin van die woord is dit nie. Prof. Hepp[3] wil die evolusie-gedagte nie die erenaam van hipotese gee nie, en noem dit 'n "mythe", al is dit 'n wetenskaplike mite.** Die evolusie-mite wil mos (soos elke mite) oor die laaste oorsprong van dinge iets sê—stellinge wat nie bewysbaar is nie, maar geglo moet word.

Prof. Hepp is nie so verkeerd nie. Want Prof. Watson, Dr. Broom, e.a. bioloë laat self hierdie aap uit die mou!

As voorsitter van die dierkundige afdeling van die "British Association for the Advancement of Science" het Prof. Watson in 1929 te Kaapstad gesê[4] : "Al is die evolusie-teorie nie[5] bewys nie, aanvaar ons dierkundiges tog die evolusie, omdat dit die lewensverskynsels sistematies en oorsigtelik saambind (Watter grondprinsipe doen dit nie? H.G.S.) **en omdat die enigste alternatief, nl. skepping, vir ons onaanneemlik is[5)]".** Daar het jy dit! Klinkklaar en duidelik! Teenoor die geloof van die oersoorte stel Prof. Watson sy **geloof** aan die evolusie-mite as teëvoeter. Waarom sou die skepping van oersoorte vir die dierkundiges onaanneemlik wees- Prof. Watson sê dit nie en gee kostelik dogmaties geen grond vir sy dogma van die evolusie-mite nie. Ons beroep ons vir ons geloof aan die skepping van oersoorte (en in besonder van die mens) ten minste nog op die Woord van God [6].

Net so eerlik as die uiteensetting van Prof. Watson is die van Dr. Broom [7]. Ook hy glo aan die evolusie-mite of evolusie-dogma. Maar ernstige moeilikhede in sy ondersoek ontdek, verplig hom om die gevolgtrekking te maak dat agter die evolusieproses 'n "directing power", 'n "organiser" werksaam is, wat die evolusieproses lei en bestuur na 'n bepaalde doel toe, nl. om die mens voort te bring. Hierdie "directing power: vereenselwig Dr. Broom met God[8] . God word 'n faktor in die evolusieproses! Die mite-karakter van die evolusie-dogma word al meer eksplisiet! Nog meer, die wonder word selfs in die evolusie-proses ingesmokkel. Want soos Prof. Hoernlé [8] tereg sê, laat Dr. Broom se voorstelling iets meer uit iets

---

2) Vgl. H.G. Stoker: **Kristendom en Wetenskap – 1.2.**
3) Vgl. V. Hepp: **Calvinism and the Philosophy of Nature.**
4) Vgl. die betrokke **Proceedings** vir die presiese bewoording in Engels.
5) Ek kursiveer.
6) Omdat ons die wetenskap "in U lig" beoefen, soek ons o.a. wesensverskille tussen die soorte, veral ook tussen mens en dier en bou ons op die ontdekte wesensverskille ons biologiese teorie. Vgl. verder die artikel onder (11) genoem.
7) Dr. Robert Broom: **Design or Accident?** in **Our Changing Worldview**, uitgegee deur W.W.U.
8) Prof. R.F.A. Hoernlé: **Old Truths and New Discoveries** in **Our Changing Worldview,** uitgegee deur W.W.U.

minder te voorskyn tree en dit beteken logies dat ten minste iets uit niks moet ontstaan het en dit is "verily a miracle" [8)]. Nou ja, waarom ook nie? Dr. Broom se mitologiese "organiser" mag tog ook wel wonders verrig, nie waar nie?

Maar laat ons die vraagstuk van die evolusieleer van 'n ander kant benader. Waarom mag die openbaring van God oor die oorsprong van alle dinge nie wetenskaplik erken word nie? Waarom wil Prof. Watson die enigste alternatief van evolusie, nl. skepping, nie aanvaar nie? Talryke natuurwetenskaplike werke gee hierop antwoord: Dit is onwetenskaplik om die waarhede van die Heilige Skrif te erken; dit is onwetenskaplik om aan die Woord van God te glo. Verbeel jou! Om in 'n mite te glo, is seker wel wetenskaplik! Maar Prof. Watson is reg, dit is die enigste alternatief: Jy moet óf die feite "in U lig' sien óf in die lig van 'n mite; 'n derde keuse is daar nie. "Wie nie vir My is nie, is teen my!", sê God Self. Mense wat tussen die keuses 'n tussenposisie inneem en die Christelike geloof met 'n wetenskaplike mite wil versoen, die sogenaamde akkommodasie-profete, probeer iets wat onmoontlik is en verwikkel hulself in 'n reeks van teenstrydighede waarmee nòg die op mite gegronde wetenskap nòg die ware Skrifgeloof vrede kan hê nie. Hulle pogings is meestal te eenvoudig en te kinderagtig om te ontmasker. Maar nogmaals, waarom mag die wetenskaplike as sodanig nie aan Gods Woord en o.a. aan die daarin geopenbaarde skepping van oersoorte glo nie? Hierop kry 'n mens die volgende eerlike antwoorde: Omdat die Wetenskap geen gesag bo hom duld nie; omdat die mens self wil bepaal wat waar is en wat hy sal aanneem; omdat die natuur geheel en al uit die natuur alleen verklaarbaar MOET wees en die wetenskaplike nie aan die kinderlike en wetenskaplik onverklaarbare wonder van 'n skepping kan glo nie; omdat die wetenskaplike in prinsipe geen grens aan die verklaarbaarheid van die natuur gestel wil hê nie; omdat die menslike verstand aan waarnemings genoeg het en sonder geloof moet ondersoek en verklaar. Dus: God HET NIE die oersoorte geskep nie!

**Maar waarop grond dié wetenskaplikes al die genoemde antwoorde?** Hoe WEET hy dat hulle waar is? Hy glo dit, dis al. In die genoemde antwoorde is niks minder as die vergoding van die menslike verstand en van die wetenskap self aan die woord nie, 'n eiewaan waarin die mens hom met sy onselfgenoegsame, kleinlike en deur die sonde bedorwe verstandjie teenoor die Allerhoogste verset. Hierdie woorde is drasties, ek weet dit. Maar kan iemand my 'n ander rede gee waarom die wetenskaplike nie as wetenskaplike mag aanvaar dat God 'n oerverskeidenheid in die kosmos geskep het nie?— m.a.w. waarom ons die wetenskap nie "in U lig" mag beoefen nie? Teenoor die mitologies gefundeerde wetenskap is ons daarenteen verplig om 'n Christelike wetenskap te stel, wat hom nie skaam vir sy geloof aan die Woord van God nie.

## HULLE METODE IS EENSYDIG

Maar laat ons die vraagstuk van die evolusieleer van nog 'n ander kant beskou. Die natuurwetenskappe gebruik in hoofsaak die empiries-induktiewe metode. Hierdie metode ondersoek feite en waar dit moontlik is met die akkuraatste en mees indringende instrumente. Tussen hierdie feite word **ooreenstemmings** (veral van oorsake en gevolge) gesoek. Op hierdie **ooreenstemmings** word hipoteses gebou. Hierdie hipoteses (en ander van hierdie hipoteses afgeleide hipoteses) word opnuut aan die feite getoets, waar moontlik met die gebruik van eksperimente wat die

natuur tot antwoord dwing. Word ‘n hipotese telkens weer bevestig en stem dit saam met ander bevestigde hipoteses, dan verkry die betrokke hipotese die status van ‘n teorie en uiteindelik die van ‘n wet. Die wese van die empiries-induktiewe metode is dat op grond van **ooreenstemmings** ‘n hipotese tot ‘n algemene wet **generaliseer** word. Niemand het hierteen beswaar nie. Wonderlike resultate is met hierdie metode al bereik. Maar, en dis ‘n groot MAAR, moet die natuurwetenskappe net hierdie metode gebruik? Wat van die metode van soek na **wesensverskille** (die teenoorgestelde van **ooreenstemmings**?) Die laasgenoemde metode sou vanself die reg van generalisasie van eersgenoemde metode beperk. Gestel dat ons alleen die empiries-induktiewe metode gebruik (en dit geskied in die natuurwetenskappe meestal), dan let ons net op **ooreenstemmings** en **generaliseer** ons na hartelus; wesensverskille tel nie meer nie, oerverskeidenheid is uit die ou doos—goeters wat teoreties weggeredeneer moet word.

Met die empiries-induktiewe metode kan ons nooit wesensverskille en oerverskeidenheid ontdek nie. Word ‘n hipotese deur die feite weerlê, dan vra hierdie metode nie na moontlike wesensverskille nie, maar soek dit nuwe ooreenstemmings wat ‘n nuwe hipotese suggereer op grond waarvan beter gegeneraliseer en selfs geëkstrapoleer kan word. Sodoende word alle oerverskeidenheid en alle wesensverskille gerelativeer tot variasies van die gestelde generalisasie. Maar gestel dat God (soos die Heilige Skrif openbaar) wel ‘n oerverskeidenheid in die skepping gelê het, dan kan die alleen-gebruik van die empiries-induktiewe metode nie anders as om uiteindelik ons mites op te dis nie.

Om nou tot die evolusie-mite te kom. As ek mens en dier vergelyk en **net** die empiries-induktiewe metode mag gebruik, d.w.s. as ek wetenskaplik net aandag mag gee aan die (morfologiese, anatomiese, fisiologiese, embriologiese, serologiese, dier-geografiese, paleontologiese, psigologiese en ander) **ooreenstemmings** bv. tussen mens en dier, geen wesensverskille tussen mens en dier mag soek nie, alle verskille tot graduele verskille moet herlei, — ja dan is natuurlik net een resultaat a priori (van te vore) vasgelê: die mens en die dier verskil nie in wese nie, d.w.s. die mens het van die dier afgestam! Waar ek dan nog duidelike verskille tussen mens en dier sien, moet ek hierdie gapings opvul deur “missing links” te soek, d.w.s. hierdie gate in die evolusieproses toegooi. Dieselfde geld vir alle soorte van lewende wesens: orals verplig die alleen-gebruik van die empiries-induktiewe metode my om net **ooreenstemmings** tussen die soorte vir my teoriebou te gebruik op grond waarvan a priori (van te vore) net een resultaat moontlik is: die evolusie-mite. Maar gestel dat ons sistematies wesensverskille tussen die soorte, bv. tussen mens en dier soek, in die mate waarmee ons sukses het, word die evolusie-mite ontmasker. Die metodiese soek na wesensverskille tussen mens en dier, bv. in die sielkunde, het onverwagte ryk resultate opgelewer, so ryk dat ‘n mens verstom staan oor die feit dat daar nog wetenskaplikes is wat in die dierlike afstamming van die mens kan glo! Ook wat die liggame betref kan kostelike wesensverskille tussen mens en dier aangetoon word. Maar laat ons nog dieper afdaal. Waarom gebruik evolusioniste nie die metode van wesensverskille nie, waarom gebruik hulle **net** die empiries-induktiewe metode? U sal op hierdie vraag **presies dieselfde antwoorde kry as wat hierbo gegee is op die vraag: waarom mag die wetenskaplike nie die skepping van oersoorte aanvaar nie? En dan beweer hulle nog dat hulle “neutraal” en “onbevooroordeeld” is.** ‘n Mens kan oor die ironie hiervan lag, as dit nie so intens tragies was nie! Laat hulle liewer hul mitologiese veronderstellings

openhartig erken; óns sal hulle nie “onwetenskaplik” noem as hulle met die lig wat hulle het so veel as moontlik verifieer en verklaar nie. Maar die lig wat ons het en wat die motto van ons P.U.K. vir C.H.O. uitdruk, gee ons in ons wetenskaplike arbeid nie prys nie.

RONDOMTALIE-REDENERINGS

Ons kan ten slotte die vraagstuk van die evolusieleer nog beskou van die kant van die sogenoemde “bewyse” vir evolusie. Laat ons hulle onderskei in die teoretiese bewyse en in die empiries-eksperimentele bewyse. Eersgenoemde bewyse is die Morfologiese, anatomiese, serologies, embriologiese, paleontologiese, die bewyse uit die diere-geografie, vergelykende biologie en die sistematiek en die bewys op grond van die rudimentêre organe. Ek glo nie dat ek ‘n belangrike bewys oorgeslaan het nie. Teen hierdie bewyse geld verskillende, baie ernstige logiese besware, waarvan ek net een wil noem: elkeen van hulle en algar tesame veronderstel vooraf (a priori) die evolusie en kan dus geen bewyse vir evolusie wees nie; hulle is kostelike sirkelredenerings. Neem net die voorbeeld van die bewys op grond van die rudimentêre organe: as daar geen evolusie was nie, mag jy **nie** van ‘n rudimentêre orgaan spreek nie! Hoe kan die feite wat jy rudimentêre organe noem, d.w.s. vooraf evolusionisties vertolk, nou agterna nog evolusie bewys? [9)] Die tweede groep bewyse, nl. die empiries-eksperimentele in die genetika, eksperimentele fisiologie en eksperimentele embriologie kon werklik **bewyse** gewees het. Maar hierdie wetenskappe weerlê keer op keer die evolusieleer[9)]. “Die mees treffende in die veranderlikheid van die soorte (selfs van die subsoorte — die spesie) is hul onveranderlikheid” — so lui die resultate van hierdie wetenskappe.[10)] Op grond daarvan dat die evolusie nog nooit bewys is nie, moet Prof. Watson hom dan ook op die evolusie-**mite** beroep: in hemelsnaam, asseblief, geen skepping nie!

Natuurlik openbaar die teoretiese bewyse vir die evolusie ooreenstemmings. Daarteen is geen beswaar nie. Om egter hierdie ooreenstemmings vooraf evolusionisties te vertolk, daarteen gaan ons beswaar. Want die ooreenstemmings kan net so goed vertolk word as die harmonie en orde wat God in die hele natuur gelê het. Stel u net voor dat God ‘n mens geskape het wat geen ooreenstemming met die res van die natuur en veral nie met die lewende wesens gehad het nie; hy sou hier nie tuis hoort nie, maar moes liewers met die engele in die hemel gaan woon het! Daar moet harmonie en orde, daar moet ooreenstemmings in verskil wees, as die plante, diere en die mens tot dieselfde skepping behoort. Hierdie ooreenstemmings mag juis nie deur ‘n evolusie-mite verklaar word nie”).

Afsluitend wil ek nog net daarop wys dat die onderskeie, teoretiese bewyse vir die evolusie mekaar kostelik weerspreek. Omtrent elkeen vereis op grond van die betrokke ooreenstemmings ‘n onder afstammingsboom of afstamslinie! Maar dis ‘n kleinigheid, natuurlik, want op die mite kom dit aan!

---

[9)] Van die verskillende werke wat die evolusieleer krities bespreek en die onhoudbaarheid van die sog. “bewyse” vir evolusie aantoon, noem ek net W.J.A. Schouten: **Evolutie** verskyn in Monographieën van reeks: **Christendom en Wetenschap**. Die betrokke artikels oor Evolusie van Prof. Dr. J.D. du Toit, Prof. D.J. du Plessis en Prof. H.G. Stoker in **Die Skrif en die Natuurwetenskappe – 3.1 –**. (Die Woord van God en die Woord van die Mens)—deur die Christelike Unie. Die betrokke artikels van Dr. Eloff in Band II en van Prof. H.G. Stoker in Band I van **Koers in die Krisis – 3.3 –**, uitgegee deur die F.C.S.V.

[10)] Prof. Henri Devaux (Bordeauc), gesiteer in **Koers in die Krisis**, Band I, bls. 362.

"MISSING LINK" HOU VERNIET VREUGDEDAG

Bostaande uiteensettings van die evolusieleer het die mitologiese grondslae daarvan oopgevlek. As ons nou lees en hoor van Dr. Broom se jongste vondste, hoef ons ons nie daardeur op hol te laat ja nie. Kenners weet en stel dit met klem, dat die paleontologiese vondste veels te gering (en kragtens betrokke aardlaag-ouderdomme mekaar veels te weersprekend) is om die grootse (grandieuse) tempel van die wetenskaplike evolusie-mite te dra. Ook weet ons dat Dr. Broom se vondste nie "in U lig" bestudeer nie, maar dat hy evolusionisties vertolkte feitemateriaal as feite aanbied. Natuurlik wil ek die wetenskaplike betekenis hiervan vir die evolusioniste nie verkleineer nie. Maar om die gevolgtrekkings van evolusionisties vertolkte feitemateriaal as DIE WAARHEID op te dis, gaan te ver.

Wat ons dringend nodig het is die beoefening van 'n biologie wat nie aan die evolusie-mite ly nie, maar wat alle biologiese feite, ook die jongste vondste van Dr. Broom "in U lig" bestudeer en 'n wetenskaplike teorie bou, wat as wetenskaplike teëvoeter van die evolusieleer sal man staan[11)]. Wat intussen die vondste van Dr. Broom betref, na die eerste mitologiese geesdrif sal daar weer nugter besinning kom en opnuut besef word, dat die evolusieleer deur sodanige "missing links" nie bewys word nie, en dat solank die genetika, die eksperimentele fisiologie en die eksperimentele embriologie die wind uit die seile van die evolusie-mite neem, evolusioniste hul kasteel op sand gebou het.

In elk geval, as die evolusie-mite waar sou wees, dan kan ons maar ons Bybels toemaak, want dan is die sondeval 'n leerproses deur foute en geen **sondeVAL** nie, maar 'n trap vorentoe in die evolusieproses en dan is die kruisdood van Christus sinloos, doop en nagmaal gevolglik bygeloof en kerktoe-gaan dwaasheid [12)].

Wat op my egter 'n tragies-komiese indruk maak, is dat jong studente van die Middelbare skole as rasegte evolusioniste P.U.K.-toe kom, sonder dat hulle die minste besef het wat die grondslae van die evolusieleer is en wat dit impliseer—ook vir hul eie geloof en godsdiens. By hulle kan dit niks anders wees as onkundige napratery en miskien 'n sug om wetenskaplik "in die mode" te wees nie. As dit hulle egter erns is om die WAARHEID te doen, sal hulle die ligsinnige oorgawe aan die evolusie-mite onderwerp aan 'n streng selfkritiek, en veral ook aandag gee aan die kritiek op die evolusieleer. En omdat hulle Christene is, sal hulle in die eerste plek hul Bybel bestudeer en God bid dat Hy hulle oë vir Sy waarheid sal oopmaak.

Maar hierdie stand van sake verplig ons dosente aan die P.U.K. vir C.H.O. wat direk of indirek met die evolusieleer te doen het, om **by herhaling** in hul klasse aan te toon dat die evolusieleer nie bewys is nie en met 'n Christelike Wetenskap wat die wetenskap "in U lig" beoefen onversoenbaar is. Die regerings kommissie i.v.m. die toekoms van die Universiteit van Suid-Afrika het in sy aanbevelings eksplisiet die besonder rigting van die P.U.K. vir C.H.O. erken, soos die regering dit vroeër erken het deur aan die naam van die P.U.K. offisieel by te voeg: **"vir Christelike Hoër Onderwys"**; die oorsprong en enigste bestaansreg van die P.U.K. vir C.H.O. is sy beoefening van 'n Christelike wetenskap; ons mag as dosente nie swyg nie, as die

[11)] Vgl. Dr. G. Eloff: **'n Christelike Dierkunde**, in **Koers in die Krisis**, Bd. II.
[12)] Vgl. Prof. H.G. Stoker: **Die Evolusieleer** in **Koers in die Krisis**, Bd. I – **3.3**.

evolusie-mite in ons eie kring vereer en gepropageer word. Ons moet getuig om des gewetenswille en tot eer en verheerliking van die Koning van die wetenskap!

[Die inleiding en die opskrifte by hierdie artikel is vir die verantwoordelikheid van die Redaksie, nie vir dié van die skrywer nie .— Red.]

2.1.10.9

## EVOLUSIE

(handskrif)

1. <u>Voorlopige begripsbepaling</u>

   Onder evolusie sou ons voorlopig kan verstaan die ontwikkeling van lewende organismes en van die mens.

2. <u>Die Bybelse gegewens aangaande evolusie</u>

   As teoloë is ons in die eerste plek op die Heilige Skrif aangewys, - afgesien van wat die natuurwetenskappe en die wysbegeerte ook mag bied. Eers in die tweede plek is ons verplig om te verneem wat aangaande die probleem op ander terreine uitgewerk is, en wel om die eenheid van die wetenskap en van die waarheid (God is waaragtig en spreek homself in Skriftuur en in Natuur nie teë nie) en ook omdat die resultate op ander terrein verkry liggewend kan wees in die verstaan van skriftuurlike gegewens. Vir ons as teoloë is egter die laaste beroep altyd op die Heilige Skrif, insover die eksegese duidelik en seker is.

   a. Genesis spreek van aparte skeppingsdade van God t.o.v. alles wat leef, ook van die mens. Daarom kan ons, tensy Genesis I tot mite verklaar word, nie aanvaar dat mens en dier en plant verwant is in die sin van ‘n gemeenskaplike afstamming nie. Elke skeppingsdaad stel ‘n aparte ingrype Gods, wat deur afstammings-evolusie onvervangbaar is.

   b. Genesis spreek t.o.v. elke skeppingsdag van “elk volgens sy aard”. Die “elk volgens sy aard” dui aan dat selfs tussen oer-groepe van lewende organismes op een dag onderskei moet word, en dat dus hierdie groepe onderling ook nie verwant is in die sin dat hulle nou mekaar afgestam het nie.

   c. Genesis spreek egter ook van “Syt vruchtbaar en vermenigvuldigt”. Hierin is gegee die Bybelse ontwikkelingsbeginsel. Evolusie erken die Heilige Skrif, - maar alleen evolusie binne die “elk naar zyn aard” en binne die grense gegee deur die verskillende skeppingsdae.

d. Genesis spreek ook van: "En God zag dat het goed was". Vandag egter, is dit 'n feit, dat wat God geskape het, ook die lewende organismes, nie meer goed is nie. Die verwording (degenerasie) van die natuur (nie net van die mens nie) is 'n nie te miskenne skriftuurlike beginsel, waarmee in alle evolusieleer rekening gehou behoort te word.

e. Van besonder belang is die besondere skepping van die mens na Gods beeld; die mens het dus nie van die diere-wêreld afgestam nie, en het 'n besondere ontwikkelingsaard, wat die orige lewende natuur nie het nie.

f. In verband met die mens is in besonder mate belangrik .....HIER KORT 'N BLADSY

Ad 1 Volgens die beginsel van soewereiniteit in eie kring kan die wysbegeerte en die wetenskappe tog nie absoluut van mekaar geskei word nie. Die eise dat die evolusie meganies of holisties of organies, - deterministies, of doelbepaald, - toevallig of voorafbepaald geskied is nie net 'n natuurwetenskaplike vraag nie. So ook bv. die vraag wat meganisme en vitalisme in die biologie tot teëstellings maak; en ook so die vrae aangaande die wesensverskil tussen stof en lewe, lewe en bewussyn, bewussyn en gees, ens.. Beginsel-insig speel hier ook 'n rol. Aan die ander kant (al ondersoek die wysbegeerte in die eerste plek beginsels en beginsel-verhoudinge) moet die wysbegeerte tog weer die beginsels aan die feite ontdek. Die wetenskappe ondersoek in die eerste plek die feite, maar neem t.o.v. beginsels ook standpunt in. Daar moet ons liewer van 'n meer oorwegend natuurwetenskaplike opvatting van evolusie en van 'n meer wysgerig, opvatting van evolusie spreek. (Vir die laaste bv. die emergent evolusie, vir die eerste bv. die biologiese evolusie-teorieë). Omdat wysbegeerte en natuurwetenskappe elk soewerein op eie terrein is, is hierdie onderskeiding van groot belang. Dit is des te meer van belang insoverre die natuurwetenskaplikes handhaaf dat hulle hoegenaamd niks met wysbegeerte te doen het in hul navorsing nie.

Ad 2. Iemand, wat 'n stygende evolusie van die eenvoudigste organisme tot die hoogste en mees saamgestelde aanvaar, staan voor 'n interessante keuse, as hy stof, plant, dier, mens vergelyk. Hy moet óf erken dat tussen hierdie verskynsels wesensverskille bestaan, óf hy moet dit ontken. In die laaste geval aanvaar hy die beginsel van kontinuiteït, in die eerste geval die beginsel van diskontinuïteit. Die laaste geval lei tot die standpunt van 'n meganiese evolusieleer, waarin alle ontwikkeling resultante is van gegewe natuurfaktore in die fisiko-chemiese wêreld. Die eerste lei tot die standpunt van 'n kreatiewe evolusie, waarin erken word dat in die ontwikkeling nuwe faktore, nuwe momente, nuwe verskynsels te voorskyn tree, wat nie bloot as resultante van

stoflike natuuurkragte opgevat kan word nie. In die eerste geval heers die toevalsbeginsel – in die tweede geval word ‘n onsigbare organisasiebeginsel, wat ten minste die hoofrigting van die evolusie bepaal, aanvaar. Onder die eerste val die teorieë van Neodarwinisme, Neolamardisme, Mutasionisme. Onder die tweede val Holisme, Kreatiewe evolusie, Emergent evolusie, Teïstiese evolusie.

Die beoogde teëstelling is die vraag of die nuwe waarlik nuut is.

Bron: HG Stoker CD, verkrygbaar by die VCHO: http://vcho.co.za/publ/HG_Stoker.htm